

Sing vooraf: Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁿ in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 130:1, 2
(p. 635)*

Wet

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 2:4 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
“Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Skriflesing: Jakobus 2

Teks: Jakobus 2:19

Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.
(Jakobus 2:19 AFR1953)

Kom ons wees vir hierdie oomblik ontsettend ernstig en antwoord op die een vraag eerlik voor die Here:
Glo jy werklik?

- Glo jy soos wat jy dink is reg, of glo jy soos wat God sê dat jy moet glo?
- Jy mag dalk vanoggend onder hierdie preek agterkom dat jy met jou geloof en al op pad is na die hel toe, en dat jy jou daadwerklik sal moet bekeer as jy die binnekant van die hemel wil sien.

Geloof was nog altyd 'n baie moeilike saak om te verstaan. Want geloof het twee kante – as dit die geloof wil wees waarmee jy hemel toe gaan.

- Eerstens moet dit 'n gewisse kennis wees.
 - Ons moet God en sy Woord só ken dat dit deel word van elke hartklop.
 - 'n Deel van elke oomblik van jou lewe. Maar dit is nie genoeg nie.
- Daarom het geloof nog 'n kant. Dis 'n vaste vertrouwe.
 - Vertroue beteken dat jy so oortuig is van 'n saak dat jy dit doen.
 - Geloof is dus só:
 - Dit moet in jou verstand wees.
 - En dit moet in jou werk wees.

As een van hierdie twee elemente van geloof ontbreek, het jy nie saligmakende geloof nie. Dan moet jy jou bekeer, want dan ken jy die Here beslis nog nie!

Nou lees ons nie van hierdie beskouing van geloof **net** in die Nuwe Testament nie.

- Dit was nog altyd so, selfs in die Ou Testament.
- Daarom kom staan die profeet Habakuk (2:4) voor die volk en sê:
Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. (Habakuk 2:4 AFR1953)

Wat sê die profeet?

- Iemand wat homself uitgee vir 'n gelowige, maar hy het tyd om hoogmoedig te wees, is 'n ongelowige.
- 'n Opgeblase mens is 'n onregverdige mens, al sê hy wat – hy gaan nie na die Here toe nie.

Jy gaan net na die Here toe as jou lewe lyk soos jou geloof wat in jou verstand is.

- Met ander woorde, as die geloof in jou mond dieselfde is as die geloof wat deur jou hande voortkom.
- En as hierdie geloof klop met wat God van jou vra.

Daar lê baie van ons se fout.

- Ons hoor die Evangelie – en die Evangelie maak sin.
- Ons verstaan dit goed.
- En ons sê ons glo – terwyl sommiges van ons nog steeds heidene is.
 - Want ons vloek nog.
 - Ons het nog slegte begeertes.
 - Ons is nog onverdraagsaam en weier om die minste in die lewe te wees.
 - Sommiges van ons dink so baie van onself dat ons net wil maak en breek as ons nou dink dat ons te na gekom is.

Dis presies hoe 'n valse geloof lyk, want dis presies hoe die duivel glo.

- Jy moenie dink dat die satan 'n ongelowige is nie – dan maak jy 'n baie groot fout!
- Die Bybel sê dat hy in God glo. Ons lees dit hier in Jakobus 2:19. Ons lees dit ook in Matteus 8:29:
- Die Here Jesus loop deur die land van die Gergeséners en dan kry Hy 'n duivelbesetene. Meteens skreeu die duiwels in die man:

Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig? (Matteus 8:29 AFR1953)

Hierdie duiwels kon net sowel lidmate van ons gemeente gewees het, want hulle glo in Jesus Christus as die Seun van God, en hulle glo selfs in die hel. Hulle weet dat hulle gestraf gaan word!

Daar was meer geleenthede waar die satan Christus bely het. Dink aan Lukas 4:33-34:

En in die sinagoge was daar 'n man met die gees van 'n onreine duivel, en hy het met 'n groot stem uitgeskreeu en gesê: Ha! wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God! (Lukas 4:33-34 AFR1953)

Kyk net hoe bevrees is die duivel!

- Sy geloof gaan gepaard met 'n groot ontsag en angs vir die Here!
- En dis meer as wat baie van ons kan sê, want baie van ons glo op só 'n manier dat ons nie bang is vir die Here nie.

Dan was daar ook die keer toe Paulus, Silas en Timothëus in Filippi was.

- 'n Slavin met 'n waarsêende gees het al agter hulle aangeloop en geskreeu en gesê:

Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing. (Handelinge 16:17 AFR1953)

Die gees is toe in die Naam van Jesus uitgedryf, wat 'n bewys is dat dit 'n gees van die satan was.

Maar kyk weer wat glo hierdie gees!

- Hy herken die dienaars van God, en hy bely die prediking van die Evangelie as die weg van verlossing.
- MAAR, is enigeen van al hierdie duiwels verlos? Nee! Hulle gaan almal in die hel beland.
- En tog glo hulle in die eenheid van God – hulle glo in die Here Jesus Christus.
- Hulle glo dat die Evangelie die weg van verlossing is, maar hulle gaan nie hemel toe nie.

Dís wat jy moet onthou as jy lees wat Jakobus skryf oor die geloof.

- Die satan het die wêreld se kennis van God en van Christus en van die Evangelie.

- Tog help sy kennis hom niks, want sy geloofswerke getuig daarvan dat sy geloof leeg is.
- Daarom sidder die duiwels voor God, al glo hulle.

Kom ons kyk nou met hierdie agtergrond weer na die deel wat ons gelees het.

Daarna skryf Jakobus dat geloof 'n christelike lewenshouding is.

- Wat help dit as jy die geloof het, maar nie die werke nie? Dis wat daar in vers 14 geskryf staan.
- Want geloof is kennis wat gekombineer is met werke.

Daarom betwyfel Jakobus die geloof van mense wat glo, maar die goeie werke ontbreek. Dit kom uit die woordjie **sê**.

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? (Jakobus 2:14 AFR1953)

'n Mens moet dus die bewering van iemand dat hy glo, gaan toets – die kenmerke van dit waarvoor hy hom uitgee, moet dan aanwesig wees.

Die krag van jou geloof is juis hoe hierdie geloof jou met die Here Jesus Christus verbind.

- Dit werk soos die boom waarvan Jesus vertel in Matteus 7:20.
 - Hy is nie 'n vrugteboom omdat hy vir almal vertel dat hy 'n vrugteboom is nie.
 - Hy is 'n vrugteboom omdat hy goeie vrugte dra. Dit wat hy doen, vertel wat hy is.
 - So werk dit met die geloof.

Kom ons pas dit nou toe.

- Dit help nie as jy **sê** dat jy glo in die Here nie.
- Jou lewe moet dit elke oomblik bewys.
- Die heerlijkheid en majesteit van die Here moet elke oomblik in jou stem en in jou optrede herken word.

Dan is jy 'n Christen.

Hierdie Bybelgedeelte is vir gelowiges wat sleg lewe eintlik 'n rooi lig, want hierdie teks ontsê hulle hulle geloof.

- Hier sê die Here reguit vir sulke mense dat hulle ongelowiges en onbekeerdes is.
- Vers 17 is kras en ondubbelsinnig:

As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

(Jakobus 2:15-17 AFR1953)

Net so is ook die geloof. As dit geen werke het nie, is dit in homself dood!

Vers 18 stel ons weer voor 'n onmoontlikheid:

Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. (Jakobus 2:18 AFR1953)

Jy kan nie geloof en werke uitmekaar haal nie.

- Niemand kan sê hy het geloof, maar nie die werke nie.
- En daar kan ook nie iemand anders kom wat sê dat hy weer die werke het, maar nie die geloof nie!
- Die twee dinge kan nie van mekaar losgemaak word nie!
 - Daarom sê die apostel: Bring vir my so 'n geloof, laat ek sien!
 - Daar is nie voor die Here so 'n geloof nie.
 - Dis presies die geloof wat die satan het.

Hoe moet ons dan glo? Soos wat Jesus sê en doen!

- Lei 'n lewe van geregtigheid – lewe soos wat God van jou vra.
- Moenie jou liggaam skaad nie – met ander woorde, moenie jouself te buite gaan nie, want jy kan nie glo dat die Heilige Gees in jou woon as jy so iets doen nie.
- Jy kan nie glo dat jy aan God behoort as jy owerspel pleeg en daarmee die geboorte van ons Vader in sy gesig teruggooi nie.
- Jy kan ook nie daarop roem dat jy glo in Jesus Christus as jou Verlosser as sy Naam een van die belangrikste woorde in jou vloekwoordeskat is nie.

Glo soos wat die Here Jesus in die Vader geglo het.

- So dat Hy selfs sterf omdat Hy glo dat dit is waarvoor die Vader Hom gestuur het.
- Hy het die kennis gehad dat dit die enigste manier is waarop die uitverkorenes verlos kan word, en hy doen soos Hy glo.
- Dan sê Hy in Johannes 14 dat Hy vir ons in die Vaderhuis plek regmaak, waar Hy ons gaan ontvang.

Enige mens wat volhard in sonde, kan mos nie die dinge glo nie! Ons kan tog nie dink dat Christus gaan plek regmaak vir mense wat aanhou om Hom te verag en te bespot nie!

Die geloof wat God wil hê, vra dus die volgende:

- 'n Kennis van God en van sy Woord.
- Dit vra 'n lewe van liefde vir God en vir mekaar.
- Dit vra 'n lewe van selfverloëning – met ander woorde moenie jou plesier teen God se eise opweeg nie. Doen wat God vra, want Hy weet die beste.

'n Mens wat ongewenste dinge doen, se geloof is vals.

- As ons die sondes kan raaksien, maar dit net altyd voor die deur van ander mense lê, koppel ons dus nie elke deel van ons lewe aan ons godsdiens nie. Dan is ons ook vals.
- Ons geloof is ook vals as ons nie verantwoordelik genoeg is nie.

Ons moet ons geloofsverantwoordelikheid meet aan ons

- Gebedslewe
- Naasteliefde
- Kerkbesoek
- Gesindheid om op te offer – vir die Here en vir ander mense.

Die Heilige Gees sal ons vermaan en aanspreek. Laat ons ons dan bekeer en berou betoon, sodat ons 'n ware geloof kan hê en daarteen kan waak om te glo soos die satan.

Amen.

Slotgebed

Lei ons in U weg en waarheid, en onderrig ons met U Gees, Here. Leer ons om U te ken met kennis, maar leer ons ook 'n vaste vertrou. En Here, gee ons die durf om te lewe soos ons glo. Om Christus wil.

Amen.

Slotpsalm 32:1 (151)

1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Desember 2008